

Vroeg-oggend voorbereidings
vir die dag se wildvang

’n **Geskenk** van Bo

deur Izak Hofmeyr

Johan Kriek en sy vrou Daleen bedryf die wildplaas Mattanu in die Barkley-Wes omgewing reeds sedert die laat 1991's, toe hulle groepe Swartwitpense en Bastergemsbokke uit Malawi ingevoer het en sodoende hulle eie teling van skaars wildspesies begin het.

Die gebied waarin Mattanu geleë is, is tipiese Kalahari savanna. Die klimaat is een van uiterste temperature, met baie warm somers en baie koue winters. Daar heers 'n droë klimaat (450 mm per jaar) met min siektes en parasiete.

Een van die kenmerke van die omgewing is dat die klimaat konstant is. Die veld is aangepas en droogtes as sulks is skaars, verduidelik Johan. Dit was een van die redes waarom hy op die Noord-Kaap besluit het toe hulle 'n basis moes kies toe hulle in 1980 die land binnegekom het.

As boorling van Zimbabwe – toe nog Rhodesië – het Johan sy veeartsenystudies op Onderstepoort voltooi en was hy daarna vir drie jaar staatveearts op Fort Vic, nou Masvinga, in Zimbabwe. In 1980 verhuis hy en Daleen egter na Suid-Afrika en begin 'n veeartspraktyk in Kimberley.

Noord-Kaapse bekoring

"Die eerste ding wat my opgeval het toe ek die eerste keer Kimberley binnery, was die wild wat 'n mens teen die pad sien wei het. Ek het onmiddellik tuis gevoel en besluit die Noord-Kaap is my plek.

"Ek was maar altyd baie lief vir wild, en die idee om skaars spesies in te voer en hier daarmee te boer, was reeds in 1980 in my kop. Ek het dit egter eers twee jaar later, in 1982, reggekry om die wiele aan die rol te sit. Die groot deurbraak was toe Onderstepoort se bek-en-klousentrum opgerig is en toetse vir die siekte toe plaaslik gedoen kon word."

Sy eerste pogings was die inbring van tsessebe vanuit Zimbabwe. Hierdie oefening het daartoe gelei dat hy 'n kwarantynstasie in die destydse Pietersburg (Polokwane) gebou het. Die hele oefening het hom daarvan oortuig dat sy planne beslis kan werk.

"Ek het onmiddellik begin soek na Bastergemsbokke en Swartwitpense, want ek het geglo dat die skaarsheid van veral hierdie twee spesies, die beste potensiaal het om aan hulle 'n waarde te verskaf. Dis waar my hele strategie van die inbring van skaars wild beslag gekry het."

Nóg skaars wild

In 1985 het die Nasionale Krugerwildtuin Mofhartebeeste (Lichtensteins) in Malawi gaan haal. Dit het hom die idee gegee om met die parkeraad in Malawi kontak te maak. Dit blyk toe dat hulle nie net Lichtensteins het nie, maar ook Bastergemsbokke en Swartwitpense.

Dit was die eerste van 'n paar reuse operasies om genoeg diere te vang, op 'n vliegtuig te laai en na Suid-Afrika uit te vlieg.

"Die eerste ding wat my opgeval het toe ek die eerste keer Kimberley binnery, was die wild wat 'n mens teen die pad sien wei het"

"Ek huur toe 'n C130 en vlieg my bakkie, 'n helikopter, al my vangtoerusting en 250 bale lusern uit Malawi toe vir die eerste operasie. Met geleende geld en 'n span van vier, land ons toe daar en bou 'n kwarantynstasie.

"Dinge was egter nie optimaal nie. Die Lichtensteins het begin kalf, en volgens die parkeraad-verteenwoordiger was daar in daardie stadium nie baie wild in die gebied wat ons geteiken het nie.

"Ons kry toe 50 Lichtensteins en land hulle hier met 'n 66% oorlewingsyfer, wat ek gedink het baie goed was vir die tyd."

'n Nuwe strategie

Sedert 1987 het hy konstant probeer om weer in te voer, maar dit was eers in 1991 dat hy toestemming gekry het om 160 diere in te bring.

"Ek gaan haal toe 95 Bastergemsbokke en 65 Swartwitpense. Hierdie keer was ons oorlewingsyfer na vyf maande 90,6%. Dit, na my mening, was 'n wonderwerk om soveel diere suksesvol hier te land. Dit was vyf vragvliegtuie vol, elke vliegtuig met 34 diere op." Hierdie keer egter was sy strategie om ooreenkomste aan te gaan met voornemende kopers om 'n 50% deposito neer te sit ten einde die onderneming te finansier.

"Een van die lesse wat ek met die eerste oefenlopie in 1985 geleer het, was dat ek eerder die ou, swaar koeie gehou het en die jong goed aan die beleggers gegee het. As die ou goed gekalf het, was my kostes per kop onmiddellik gehalveer."

Eie grond

Dit was ook gedurende hierdie tyd dat hulle op die plaas afgekom het wat vandag Mattanu is. "Omdat ons soveel sukses gehad het met die 1991-operasie, was ek toe in die ongelooflike posisie dat ek 15 vroulike Bastergemsbokke en 15 vroulike Swartwitpense, sowel as nege bulle van elk hier op die plaas kon aflaai. Ek kon dus my telery begin met 24 diere van elke spesie, wat vir my 'n ongelooflike voorsprong gegee het en my gevestig het as 'n voorsiener van skaars wildspesies.

"Uit die aard van die saak het ek geweet ek kan hulle aan die lewe hou, want ek het hulle deur kwarantyn geneem. Maar hier op die plaas het ek gou agtergekom dat ek hulle in goeie kondisie moet hou, veral gedurende die koue winters. Dit gebeur soms dat van die jonger kalwers se oorpunte skade kry weens ryp, as die moeder nie genoeg melk het nie en die kalf se kondisie nie na wense is nie.

" 'n Ander innovasie waarmee ek begin het, is my sogenaamde 'granny'-kampe, waarheen ek al die ou koeie, van wie die tande nie meer op standaard is nie, neem en daar voer. Dis nou koeie van so tipies 12 jaar en meer. Die 'granny'-kamp is die enigste uitsondering waar ek in intensiewe wildboerdery glo. Die ou diere in die klein 'granny'-kampies kan dan nog maklik tot vyf kalwers produseer. Een van my Swartwitpenskoeie het 22 jaar oud geword."

Toe kom die buffels

In 1989 was Johan betrokke by 'n proef waarin die hipotese was dat as 'n mens buffels van Kwazulu-Natal gebruik, jy diere kon teel wat skoon is van beide bek-en-klouseer en korridorsiekte.

"Eerstens dra die Natal-diere nie bek-en-klouseer nie, so jy het net met korridorsiekte te kampe. Korridorsiekte word deur die bruinoor-bosluis van die ma na die kalf oorgedra. As die bosluis nie teenwoordig is nie, is dit onmoontlik vir die kalf om die siekte te kry.

"As mens dus buffels uit KwaZulu-Natal na die Noord-Kaap bring en jy hou hulle skoon van bosluise, dan moet die kalfie mos skoon wees. Daar is egter 'n 1% teoretiese kans dat oordrag deur die plasenta kan plaasvind.

"Gedurende die proef wat op 'n De Beers-plaas by Kimberley plaasgevind het, het ons beeste as brandwagte gebruik, en ons het geen beesverliese gehad nie, wat beteken het dat ons daarin geslaag het om die buffels skoon te kry. Dit was duidelik dat die siekte se vektor nie in die Noord-Kaap teenwoordig was nie."

Hierdie was die eerste van die sogenaamde buffelprojekte wat in die jare wat gevolg het, in verskillende dele van die land geloods is, ook in gebiede waar die vektor teenwoordig was.

"Ek het nooit geld gehad om self bokke te koop nie. Ek moes maar altyd met 'n plan kom om bokke vir ander ouens te kry en dan kon ek vir myself ook 'n paar hou. Dit was dieselfde met die buffels. Ek het 'n ooreenkoms met die Natalse Parkeraad gesluit dat hulle vir my 'n trop Korridor-buffels gee, en dat ek vir hulle dieselfde getal skoon koeie sou teruggee. So het ek dit reggekry om my eie buffelpopulasie op die plaas te vestig.

Waarom buffels?

"Die feit is doodgewoon dat buffels die grootste aantrekkingskrag op enige jagplaas is. Maar verder is daar net iets aan buffels wat hulle besonders maak. Die buffelsituasie in die land is natuurlik op die oomblik in 'n warboel, met die beëindiging van die onderskeie buffelprojekte op die kaarte. Skoon buffels gaan waarskynlik in 2011 baie in waarde toeneem, maar dit is slegs mits ons siektebeheer doeltreffend kan bly toepas. Smokkel sal waarskynlik 'n toenemende probleem word."

Oor die jare het Johan al meer as 200 buffels en meer as 200 Bastergemsbokke en Swartwitpense elk geteel. Sy bokke is vandag regoor die land versprei.

'n Dag in die lewe

Mattanu, verduidelik Johan, is die Hebreeuse woord wat beteken 'geskenk van Bo'.

"Dit is net genade dat ons die voorreg het om rentmeesters te kan wees van so 'n paradys. Ek dink ons bied hier 'n unieke reeks produkte aan kliënte. Behalwe dat ek 'n veearts is met ondervinding in die pyl van wild, het ons ook 'n helikopterdiens waarvan my oudste seun, Johan, die bestuurder is.

"My ander seun, Jacques, bestuur die lodge hier op die plaas saam met my vrou, Daleen, en is hoofsaaklik vir die bemarking verantwoordelik. My dogter, Heleen, is besig met haar studies in somatologie, en die plan is om op die ou end ook 'n spa hier op die plaas te hê.

"Ons het dus ekotoerisme en die wildvangdiens wat kombineer in die ongelooflikste ervarings wat ons aan kliënte kan bied. Kan jy jou indink wat 'n ondervinding dit vir iemand is om saam in die helikopter te vlieg as ons 'n dier gaan pyl?"

Die jagbesigheid

Daarmee saam is daar natuurlik die jag, wat elke wildboer moet aanbied. Johan maak seker dat die boodskap duidelik deurkom: Jag is onontbeerlik op 'n wildplaas.

"Ons moet ou diere afhaal, en ons gebruik die jagter as 'n selektiewe roofdier."

Hoewel hulle eie besigheid hoofsaaklik op die teel van skaars wildsoorte fokus, bly die kern van die wildbedryf in die land maar steeds jag, sê hy.

"En moenie die fout maak om te dink dat dit hoofsaaklik trofeejag is nie. Almal fokus so op trofeejag, maar in vergelyking is biltongjag 'n groter faset van die bedryf. Volgens syfers wat ek onlangs gesien het, is die totale bedryf sowat R6 biljoen sterk, waarvan biltongjag sowat R3,1 biljoen uitmaak en trofeejag slegs sowat R510 miljoen.

"Ons plaas leen hom egter nie eintlik tot biltongjag nie, so ons konsentreer uitsluitlik op trofeejag hier."

'n Pyldiens

In 1986, tydens die operasie in Malawi, kon hulle op die spesifieke dag nie vinnig genoeg 'n boma opgerig kry nie. Dis toe dat Johan eintlik die waarde en voordele van wild verdoof met 'n pylgeweer, raakgesien het.

"Ek het die dag vinnig in die helikopter geklim en gou 'n paar bokke gepyl. Die gemak en doeltreffendheid daarvan het my verbaas, en dit was die begin van my leerkurwe met die pyl van wild.

"Om wild te pyl, waarborg jou vangs. Met 'n boma kan jy nie sukses waarborg nie. Daarbenewens lê ongeveer 80% van die behoefte aan wildvang by kleiner boere en kleiner hoeveelhede. Dis waar ek toe die geleentheid raakgesien het om my dienste aan te bied om individuele bokke te pyl en op die manier te vang. Die resultaat is 'n kommersiële pyldiens."

Veldbestuur is vir Johan na aan die hart, en in die opsig, sê hy, is hy redelik gelukkig omdat die skaars wildspesies waarmee hy boer, impliseer dat hy nie met groot getalle hoef te sit nie. Die uiteinde is dat sy veld nie oorbenut word nie.

"Dit was altyd my oogmerk om my plaas se drakrag te onderbenut, eerder as oorbenut. Daarmee saam gee ek net byvoeding as dit regtig nodig is. Dit is krities dat jy jou wild ingeperk hou, wat beteken dat jy verantwoordelik is om

te sorg dat hulle dieet aangepas is by hulle nuwe omstandighede.

"Ek gee dus 'n fosfaatlek met spoorelemente regdeur die jaar, maar tydens voedingstres in die wintermaande voer ek so 500 gram wildspille per dier en sowat twee kilogram lusernhooi per dier."

Hoe kies ons 'n wenboer?

Wildbedryf SA het pas die toekenning "Wildboer van die Jaar" aan dr Johan Kriek van Barkley-Wes gemaak.

Om hierdie toekenning te maak, verduidelik Reinhardt Holtzhausen, uitvoerende hoof van Wildbedryf Suid-Afrika, besoek 'n beoordelaarspan al die finaliste, sodat die totale boerdery-opset van elke finalis in die proses deeglik onder die loep geneem kan word.

"Ons beoordeel volgens agt kategorieë, waaronder finansiële bestuur, inkomste-genererende aktiwiteite, wildplaasbestuur, navorsing, rekordhouding, infrastruktuur, arbeidsaangeleenthede en algemene betrokkenheid by die bedryf.

"Wat Johan se boerdery besonders maak is dat dit sy enigste bron van inkomste is. Daar is geen inkomstestroom van elders om aktiwiteite mee te finansier nie. Verder is die oorsprong van die besigheid totaal in die wildboerdery gesetel.

"Die wildplaas se bestuur het ons ook baie beïndruk, tesame met die navorsingsinisiatiewe wat Johan deur die jare geïnisieer het. Verder is die infrastruktuur op die plaas pasgemaak vir die behoeftes van die verskillende vertakkings."

In al hierdie beoordelingsfasette, was die slotsom, het Johan baie sterk gestaan. WR

1

2

3

1 Met behulp van vernuftige helikopterwerk word 'n gepylde Swartwitpens in die rigting van die bakkie gedruk voordat dit, op 'n maklik-bereikbare plek gaan lê
2 Dr Johan Kriek en sy vrou Daleen.
3 'n Groepie pragtige Swartwitpense